

# Suidwes-Kaap



## Geskiedenis

### Die eerste 20 jaar - 1970 tot 1989

---

Hiermee 'n uittreksel uit 'n Suidwes-Kaap nuusbrieff van **Desember 1989**, geskryf deur Tannie Cathy Sparks.

#### **GESKIEDENIS VAN SAWA SUIDWES-KAAP**

SAWA Suidwes-Kaap is op 27 Februarie 1970 gestig nadat 5 lede wat aan die Nasionale Woonwa Unie behoort het, nie belang gestel het om aan te bly toe die organisasie besluit het om 'n maatskappy te vorm nie. 'n Skrywe is van SAWA Transvaal ontvang om te vra of die betrokke lede nie belang stel om by SAWA aan te sluit nie, en dat daar 'n aksiekomitee in Transvaal gestig is en dat 13 lede teenwoordig was by die stigtingsvergadering van SAWA in Transvaal.

Die vyf lede wat teenwoordig was by die eerste saamtrek of stigtingsvergadering van Suidwes-Kaap te Voortrekkerpark, Strand was:

- Barry en Joey Steyn wat die eerste Voorsitter was,
- Johann en Rins Buhr,
- Jack en Naomi Rawson,
- Daniel en Sue Ekermans,
- en ene mnr. Rabie.

Johann Buhr het advertensies in die plaaslike koerante geplaas om lede te nooi om die saamtrekke by te woon. Geen fondse was beskikbaar nie en hy moes self al die onkoste dra. Stadigaan het die ledetal aangegroei en bywoning het tot 7 – 8 woonwaens per saamtrek gegroei. Al was die saamtrekke klein, het dit geensins aan hartlikheid en humor ontbreek nie.

By die 1972 AJV is Charles Rossouw tot voorsitter verkies – 'n pos wat hy vir 18 maande beklee het. Charles bedank gedurende die jaar en Koos Esterhuizen neem waar as Voorsitter. By die 1974 AJV word Koos tot voorsitter verkies. Kerkdienste en Sondagskool word begin. Helena Esterhuizen begin die mandjie- of marktafel soos dit vandag bekend is. Die doel hiervan was om fondse in te samel vir 'n jaarlikse kersboomfunksie vir die kinders.

'n Streek, Bo-Karoo word in De Aar gestig op 26 Oktober 1974, maar as gevolg van spoorwegpersoneel wat verplaas is, ontbind die strook na 'n jaar.

Koos en Helene Esterhuizen was die eerste Sawanante in Suidwes-Kaap wat hulle 100 saamtrekke bywoningsplaatjie ontvang het, en dit sonder om 'n enkele saamtrek te mis.

Gedurende sy voorsitterskap het Noord-Boland op 28 Mei 1983 met 18 lede afgestig met Pierre Badenhorst as voorsitter.

By die 1983 AJV neem ons na 9 jaar afskeid van Koos en Helene en gee hy die leisels oor aan Nippie Sparks. Hy het hom ten doel gestel om SAWA se beeld na buite uit te bou as een van 'n gesonde en sterk Christelike Kultuurorganisasie. Boekevat word ingestel. Die streek se groei is so fenomenaal dat daar tot 70 woonwaens per saamtrek is. Op 1 September 1984 word Helderberg-Streek gestig met ±50 lede met Willem Koch as Voorsitter.

Jan Zeelie van Suikerbosrand word na Vredendal verplaas en hy begin dadelik met onderhandelinge vir die stigting van 'n streek noord van Piekenierspas. So word Gousblom Streek op 8 Februarie 1986 gestig. Die streek het intussen ontbind as gevolg van boerderybedrywighede en lang afstande.

Gesondheidsredes verplig Nippie om die tuig neer te lê en Barnie Germishuys neem op 30-jarige ouderdom by hom oor as die vyfde voorsitter by die 1987 AJV.

'n Besluit by NUB is geneem in verband met die stigting van Gebiedsbesture wat op 'n proeftydperk van 2 jaar sou funksioneer. Dit het so goed gewerk dat Gebiedsbesture nou 'n werklikheid word en die Kaapse Streke herdoop tot Gebied: Goeie Hoop met Barnie as eerste voorsitter van die bestuur.

Onder leiding van die jeugdige Barnie en sy redelik jong bestuur is daar heelwat nuwe dinge ingebring, onder andere:

- Ons Nuusbrief – Kampvuur Stories,
- Ons eie streekshempde,
- Die Merietestelsel,
- En die basaar jaarliks, om fondse vir ons streek in te samel.

Tans is hy nog voorsitter en is Suidwes-Kaap steeds besig om te groei.

Oom Jack Rawson is die enigste stigterslid wat nog aktief aan bedrywighede deelneem.

Tot volgende keer.

CATHY SPARKS

---

Ja, die tyd stap aan. Dis reeds sowat 20 jaar sedert hierdie stuk geskiedenis deur Tannie Cathy Sparks geskryf is. Sy en Oom Nippie is albei in hul sewentigs en woon in Bellville in Chrismar Villas Aftreeoord.

Van die feite het natuurlik ook verander:

- Suidwes-Kaap se nuusbrieff se naam het verander na Die Sawanant. Die eerste uitgawe van Die SAWANANT het in Maart 1997 verskyn. Die naam was voorgestel deur Oom Hans Havenga.
- Bernie Germishuys is nie meer betrokke by Suidwes-Kaap nie, maar hou steeds kontak met ons.
- Oom Jack Rawson is reeds oorlede.

Interessante brokkie van Oom Nippie Sparks deur John McDonald: Oom Nippie se voorstel is deur die 1984 Nasionale Kongres aanvaar en goedgekeur dat opvou woonwaens ook toegelaat word tot SAWA. Tot op daardie stadium was net bonafide woonwaens toegelaat tot SAWA.

Niël Goslett  
19 April 2009